

## Oorwin die kwaad deur die goeie




---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

*Romeine 12, 13.*

#### Geheeteks:

“En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwung van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is” (*Rom. 12:2*).

**T**erwyl Paulus probeer het om die Romeine van hulle verkeerde opvatting van die wet te laat afsien het, het hy ook ‘n beroep op alle Christene gedoen om ‘n hoë standaard van gehoorsaamheid te handhaaf. Hierdie gehoorsaamheid spruit voort uit ‘n innerlike verandering van hart en denke, ‘n verandering wat net deur die krag van God wat in ‘n persoon werk om ‘n volle oorgawe te maak, teweeggebring kan word. Romeine bevat geen wenk dat hierdie gehoorsaamheid vanself gebeur nie. Die Christen moet ingelig word oor wat die vereistes is; hy of sy moet begeer om daardie vereistes te gehoorsaam; en uiteindelik moet hy of sy die krag soek om dit te kan doen, waarsonder daardie gehoorsaamheid nie moontlik sal wees nie. Hieruit blyk dit dat werke deel is van die Christelike geloof. Paulus het nooit bedoel om werke se waarde te verminder nie; in Hoofstukke 13-15 word dit sterk deur hom beklemtoon. Hiermee ontken of weerspreek hy nie wat hy vroeër oor geregtigheid deur geloof gesê het nie. Intendeel, werke is die ware weerspieëling van wat dit beteken om deur geloof te lewe. Daar kan selfs geargumenteer word dat as gevolg van die openbaring wat bygevoeg was nadat Jesus gekom het, die Nuwe Testament se vereistes moeiliker as die Ou Testament s’n was. Die gelowiges van die Nuwe Testament het Jesus as ‘n voorbeeld van geoorloofde morele gedrag gehad. Net Hy en niemand anders is die model wat ons moet volg. “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was” [nie Moses, nie Daniël, nie Dawid, nie Salomo, nie Henog, nie Debóra, nie Elfa nie], net “Christus Jesus” (*Fil. 2:5*). Die standaard is nie – kan nie! – hoër as dit [gestel] word nie.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 23 Desember.*

## Julle redelike godsdiens

Met Hoofstuk 11 eindig die leerstellige gedeelte van die Brief aan die Romeine. Hoofstukke 12-16 bevat praktiese instruksies en persoonlike notas. Nietemin, hierdie slothoofstukke is uiters belangrik, want hulle toon hoe die geloofslewe geleef moet word. Eerstens, geloof is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie, dis nie asof geloof ons verpligting om die Here te gehoorsaam, tot niet maak nie. Die morele voorskrifte is nog van krag; hulle word verduidelik, selfs beklemtoon in die Nuwe Testament. En geen aanduiding word ook gegee dat dit maklik vir die Christen sal wees om sy of haar lewe volgens hierdie morele voorskrifte te reguleer nie. Inteendeel, ons word vertel dat dit met tye moeilik kan wees, want die stryd met self en met sonde is altyd moeilik (*1 Pet. 4:1*). Die Christen word Goddelike krag belowe en die versekering gegee dat oorwinning moontlik is, maar ons is nog in vyandsland en sal nog baie teen versoeking moet veg. Die goeie nuus is dat as ons val, as ons struikel, word ons nie weggegewys nie, maar het ons 'n Hoëpriester wat vir ons intree (*Heb. 7:25*).

**Lees Romeine 12:1. Hoe openbaar die vergelyking wat hier gemaak word aan ons hoe ons as Christene behoort te leef? Hoe pas Romeine 12:2 hierby in?**

---

In Romeine 12:1 sinspeel Paulus op die Ou Testament se offerstelsel. Net soos diere in die ou tyd aan God geoffer was, so moet Christene hulle liggame aan God oorgee – nie om doodgemaak te word nie, maar as lewende offers wat aan Sy diens toegewy is. Gedurende die tydvak van antieke Israel was elke offerande wat gebring was noukeurig ondersoek. Indien enige gebrek aan die dier gevind was, was die dier van die hand gewys, want God het beveel dat die offerande sonder gebrek moes wees. Daarom word Christene beveel om hulle liggame as “'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer” te gee. Om dit te kan doen, moet al hulle kragte in die bes moontlike toestand bewaar word. Alhoewel nie een van ons sonder vlek of rimpel is nie, praat dit hier daarvan om daarna te streef om skoon en so getrou as wat ons kan, te leef.

**“ ‘word verander deur die vernuwing van julle gemoed’ (Romeine 12:2). Die Apostel beskryf hier van die Christen se vordering: want hy praat met hulle wat alreeds Christene is. Om ‘n Christen te wees, beteken nie om nie te groei nie, maar om te vorder van dit wat goed is na dit wat nog beter is.’ — Martin Luther, *Commentary on Romans*, bl. 167-168, (vrye vertaling). Wat beteken dit om van dit wat goed is na dit wat beter is te vorder in die Christen se lewe?**

## Om besadig te wees

Ons het hierdie kwartaal baie oor die ewigdurendheid van God se sedewet gepraat, en oor en oor beklemtoon dat Paulus se boodskap in die Brief aan die Romeine nie leer dat die Tien Gebooie mee weggedoen was nie. Ook nie dat dit op een of ander manier met geloof vervang was nie. Tog is dit so maklik om in die letter van die wet vasgevang te word dat ons die werklike bedoeling daarvan vergeet. En daardie bedoeling is liefde – liefde vir God en liefde vir mekaar. Terwyl enigeen kan voorgee om liefdevol te wees, is dit moeiliker om dit in die daaglikse lewe toe te pas.

### Lees Romeine 12:3–21. Hoe moet ons liefde teenoor andere betoon?

---

---

---

Net soos in I Korinthiërs 12 en 13 verhef Paulus die liefdesgawe bo die ander nadat hy die gawes van die Gees bespreek het. Liefde (Grieks: *agape*) is die beste gawe. “God is liefde” (I Joh. 4:8). Daarom verteenwoordig dit die karakter van God. Om lief te hê, is om teenoor andere op te tree soos wat God dit doen, en om hulle te behandel soos wat God hulle behandel. Paulus toon hier dat liefde op ‘n praktiese wyse uitgeleef moet word. Een belangrike beginsel skemer deur, en dit is om nederig te wees: om gewillig te wees om “nie van [jouself] meer [te] dink as wat ‘n mens behoort te dink nie” (Rom. 12:3), om gewillig te wees om “die een ... die ander [voor te gaan] in eerbetoning” (Rom. 12:10), en om gewillig te wees om nie “eiewys [te] wees” nie (Rom. 12:16). Christus se woorde oor Homself, “Neem my juk op julle en leer van My; want Ek is sagmoedig en nederig van hart” (Matt. 11:29), beskryf die kern van wat liefde eintlik is.

Van alle mense behoort Christene die nederigste te wees. Maar, kyk net hoe hulpeloos is ons nie. Kyk hoe ver het ons geval. Kyk hoe afhanklik is ons, nie net van geregtigheid buite onself om gered te word nie, maar ook van ‘n krag wat in ons moet werk om ons te verander na wat ons onself nie kan doen nie. Wat het ons waaroor ons kan spog? Wat het ons waaroor ons kan roem? Wat het ons in onself om oor trots te wees? Net mooi niks nie. Deur met nederigheid te begin – nie net teenoor God nie, maar teenoor andere – moet ons leef soos wat Paulus ons in hierdie verse vermaan om te leef.

**Lees Romeine 12:18. Hoe goed pas jy hierdie vermaning in jou eie lewe toe? Moet jy sekere gesindheidsveranderings maak om wat die Woord hier sê, te doen?**

---

## Die Christen en die owerheid

**Lees Romeine 13:1-7. Watter basiese beginsels kan ons uit hierdie Skrifgedeelte neem oor hoe ons teenoor siviele magte of owerhede moet optree?**

---

---

---

Wat Paulus se woorde so interessant maak, is dat hy gedurende ‘n tyd geskryf het toe ‘n heidense keiserryk in die wêreld geheers het – ‘n heerser wat met tye verskriklik brutaal opgetree het, wat deur en deur korrup was, wat niks van die ware God geweet het nie en wat, kort na Paulus se skrywe, ‘n massiewe vervolgingsveldtog teen hulle wat God wou dien, begin het. Feit is, Paulus was deur hierdie regering doodgemaak! En tog, ten spyte hiervan, het Paulus aanbeveel dat Christene daarna moes strewen om goeie burgers, selfs met sulke owerhede, te wees. Ja, en dit is omdat die regeringsbeginsel, die konsep van owerhede wat regeer, regdeur die Bybel gevind word. Dit is deur God so verordineer. Mense het nodig om in ‘n gemeenskap waar daar reëls, regulasies en standaarde is, te leef. Anargie is nie ‘n Bybelse konsep nie. So gesê, beteken dit beslis nie dat God alle soorte regeringstelsels of hoe dit funksioneer, goedkeur nie. Intendeel, dis nie eers nodig om te veel na te vors nie, óf in die geskiedenis óf in vandag se wêreld, om onmenslike regeringstelsels te vind nie; nogtans, selfs in sulke situasies, behoort Christene, so ver as moontlik, die wette van die land te gehoorsaam. Christene moet lojale ondersteuning aan hulle owerhede gee solank die vereistes nie teenstrydig met God se vereistes is nie. ‘n Mens moet biddend en baie versigtig – en in konsultasie met ander – nadink voordat jy jou in ‘n stryd met die owerhede wat in beheer is, begeef. Ons weet dat die profesieë voorspel dat die politieke magte wat in beheer van die wêreld sal wees, eendag teen God se getroue volgelinge opgehits sal word (*Openbaring 13*). Tot dan moet ons alles wat ons kan, doen om goeie burgers in watter land ons ook al woon, te wees, so asof ons dit vir God doen.

“Ons moet die menslike regering as instelling van God aanvaar en leer dat dit ‘n heilige plig is om hom binne sy regmatige perke te gehoorsaam. Maar wanneer sy eise met die eise van God strydig is, moet ons God liefier as mense gehoorsaam. Gods Woord moet as verheue bo alle menslike wetgewing beskou word . . . . “Ons woorde, ongeag of dit gespreek of geskryf word, moet versigtig oorweeg word, sodat niemand daaruit kan aflei dat ons iets gesê het wat vyandig staan teenoor wet en orde nie. Ons moet niks sê of doen wat ons weg onnodig sal versper nie.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 56.

## Om mekaar lief te hê

**“Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat ‘n ander liefhet, het die wet vervul.” (Rom. 13:8). Hoe moet ons hierdie teksvers verstaan? Beteken dit dat indien ons liefhet, ons dan geen verpligting het om die wet van God te gehoorsaam nie?**

---

Net soos Jesus in die Bergrede gedoen het, brei Paulus op die voorskrifte van die wet uit, en toon hy dat liefde die motiveringskrag in alles wat ons doen, moet wees. Omdat die wet ‘n afskrif van God se karakter is, en omdat God liefde is, daarom, wanneer jy liefhet, word die wet vervul. Tog vervang Paulus nie die wet met ‘n vae standaard van liefde soos sommige Christene beweer nie. Die sedewet is nog bindend, want, soos voorheen genoem was, word ons sondes deur die wet uitgewys – en wie kan die werklikheid van sonde ontken? Maar, die wet kan waarlik net gehou word in die konteks van liefde. Onthou, sommige van hulle wat Christus gekruisig het, het huiustoe gehardloop om die wet te gaan hou!

**Watter wette het Paulus as voorbeelde gebruik om die beginsel van liefde in wetsonderhouding te illustreer? Hoekom hierdie spesifieke wette? Rom. 13:9, 10**

---

Wat interessant is, is dat die liefdesfaktor nie ‘n nuwe beginsel was nie. Deur Levítikus 19:18 aan te haal, “jy moet jou naaste liefhê soos jouself,” toon Paulus dat die beginsel ‘n integrale deel van die sisteem van die Ou Testament was. Weer gebruik Paulus die Ou Testament om sy evangelieboodskap te versterk. Sommige redeneer dat Paulus, deur hierdie teksverse, leer dat net die paar wette wat hier genoem word, van krag is. Indien so, beteken dit dan dat Christene hulle ouers nie hoef te eer nie, afgode kan aanbid en ander gode bo die Here kan verkies? Natuurlik nie.

Kyk na die konteks hier. Paulus praat oor hoe ons teenoor ander optree. Hy praat oor persoonlike verhoudings en daarom lig hy die wette uit wat op hierdie verhoudings betrekking het. Sy argument moet sekerlik nie hier met die tot niet verklaring van die res van die wet verbind word nie. (*Sien Handelinge 15:20, I Thessalonicense 1:9, I Johannes 5:21.*) Bowendien, soos wat die skrywers van die Nuwe Testament aandui dat wanneer ons liefde aan ander bewys, bewys ons liefde aan God (*Matt. 25:40; I Joh. 4:20, 21*).

**Dink na oor jou verhouding met God en watter invloed dit op jou verhouding met andere het. Watter rol speel liefde in daardie verhoudings? Hoe kan jy leer om ander lief te hê soos wat God ons liefhet? Wat verhinder jou om juis dit te doen?**

## Die saligheid is nou nader by ons

**“En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.” (Rom. 13:11)**

Soos wat ons regdeur die kwartaal gemeld het dat Paulus baie spesifiek in hierdie brief aan die Romeine daarop gefokus het om aan die kerk in Rome – veral die Joodse gelowiges – die rol van geloof en werke in die konteks van die Nuwe Verbond, duidelik te maak. Die strydvraag was verlossing en hoe ‘n sondaar voor die Here regverdig en heilig geag word. Aan hulle wat die wet beklemtoon het, het Paulus die wet in die regte werking en konteks geplaas. Alhoewel Judaïsme se ideaal in die Ou Testament ‘n godsdiens van genade moes wees, het wettiesheid ontstaan en baie skade aangerig. Hoe versigtig moet ons as ‘n kerk nie wees dat ons dieselfde fout maak nie.

**Lees Romeine 13:11–14. Oor watter gebeurtenis praat Paulus hier, en hoe behoort ons op te tree terwyl ons wag vir daardie gebeurtenis om plaas te vind?**

---

---

Dis baie interessant dat Paulus hier aan die gelowiges sê om wakker te word en gereed te maak, want Jesus se koms is voor die deur. Die feit dat dit amper tweeduisend jaar gelede geskryf was, maak nie saak nie. Ons moet altyd in afwagting van die nabyheid van Christus se koms leef. Wat ons aangaan, wat ons persoonlike ondervindinge betref, is die Tweede Koms so naby soos die moontlikheid van ons eie dood. Of dit volgende week of in 40 jaar se tyd is, en of ons net vir vier dae of vir 400 jaar slaap – dit maak geen verskil nie. Die volgende gebeurtenis waarvan ons bewus sal wees, sal die Tweede Koms van Jesus wees. Met die moontlikheid van die dood wat om elke hoek en draai vir ons wag, is die tyd kort, en is ons verlossing nader as toe ons begin glo het. Alhoewel Paulus nie baie oor die Tweede Koms in die Brief aan die Romeine skryf nie, dek hy dit meer breedvoerig in die briewe aan die Thessalonicense en die Korinthiërs. Per slot van rekening, dit is ‘n uiters belangrike tema in die Bybel, veral in die Nuwe Testament. Sonder dit en die hoop wat dit aan ons bied, is ons geloof eintlik betekenisloos. Op die ou end, wat beteken “regverdiging deur geloof alleen” sonder die wonderlike waarheid van die werklikheid van die Tweede Koms?

**As jy verseker sou weet dat Jesus volgende maand gaan kom, wat sou jy in jou lewe verander, en hoekom? As jy glo dat jy hierdie dinge ‘n maand voordat Jesus kom, moet verander, hoekom nie nou dadelik nie? Wat is die verskil?**

## Vir verdere studie:

“In die Bybel word die wil van God geopenbaar. Die waarhede van die Woord van God is uitsprake van die Almagtige. Die persoon wat hierdie waarhede ‘n deel van sy lewe maak, word ‘n nuwe skepsel. Hy of sy ontvang nie nuwe verstandelike krag nie, maar die duisternis van onkunde en sonde wat die begrip benewel het, word verwyder. Die woorde, ‘En Ek sal julle ‘n nuwe hart gee,’ beteken om ‘n ‘nuwe begrip’ te ontvang. ‘n Verandering van hart bring altyd ‘n duidelike oortuiging van Christelike verpligting en ‘n beter begrip van waarheid mee. Die persoon wat die Skrif biddend bestudeer, sal ‘n helder begrip en goeie oordeel ryker word, so asof hy of sy ‘n hoër vlak van intelligensie bereik het.” — Ellen G. White, *My Life Today*, bl. 24, (vrye vertaling). “Die Here . . . se koms is voor die deur, en ons moet vir Sy verskyning gereed wees. O, hoe wonderbaar sal dit wees om Hom te sien en as Sy verlostes verwelkom te word! Ons het lank gewag, maar ons hoop moet nie vervaag nie. As ons maar net die Koning in Sy skoonheid kan sien, sal ons vir ewig geseënd wees. Ek voel asof ek luid moet uitroep: ‘Op pad huistoe!’ Die tyd vir Christus se koms kom al nader wanneer Hy in krag en groot heerlikheid sal kom om Sy vrygekooptes na hulle ewige tuiste te neem.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 8, bl. 253, (vrye vertaling).

## Vrae vir bespreking:

1. Lees weer die vraag aan die einde van Donderdag se studie in die klas. Watter antwoorde was daar gegee, en hoe was hierdie antwoorde geregverdig?
2. Die vraag oor hoe ons goeie burgers en goeie Christene kan wees, kan in sekere opsigte baie ingewikkeld wees om te beantwoord. Indien iemand by jou kom raad soek of hulle besluit om vas te staan vir wat hulle glo, God se wil is – selfs al sou dit hulle met die owerhede laat bots – wat sal jy sê? Watter raad sou jy gee? Watter beginsels moet jy voor oë hou? Hoekom is hierdie iets wat ons net met die uiterste erns en met gebed moet benader? (Per slot van rekening, nie almal wat in die leeuhoek gegooi word, kom ongedeerd daarvan af nie.)
3. Wat dink jy is moeiliker om te doen: om die letter van die wet streng na te kom, of om God en andere onvoorwaardelik lief te hê? Of sou jy kon sê dat hierdie vraag ‘n valse tweespalt voorstel? Indien so, hoekom?
4. Praat oor wat jy uit die Brief aan die Romeine geleer het hierdie kwartaal wat ons sal help om te verstaan hoekom die Hervorming so belangrik was. Wat het Romeine ons geleer oor wat ons glo en hoekom ons dit glo?

